Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Karen Dudley
Glynis Schreuder
Direktorate: Kurrikulum AOO en Kurrikulum VOO
Karen.Dudley@westerncape.gov.za | 021 467 2056
Glynis.Schreuder@westerncape.gov.za | 021 467 2622

Lêerno.: 21/2/9/1/CURRICULUM COVERAGE
Verwysing: 20240926-7009

Kurrikulum AOO- en Kurrikulum VOO-minuut: 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Monitering van kurrikulumdekking

1. Die herstel-Jaarlikse Onderrigplanne (JOP'e) is as deel van 'n nasionale herstelplan in alle grade geïmplementeer. Die herstel-JOP'e sal dus om hierdie rede geldig bly tot verdere kennisgewing van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang word.

2. Monitering van en verslagdoening oor die implementering van die herstel-JOP'e is noodsaaklik om te verseker dat leerders voldoende vir die volgende graad voorberei is.

3. Alle rolspelers, wat vakopvoeders, departementele hoofde, prinsipale en vakadviseurs insluit, is verantwoordelik vir die implementering van hierdie proses. Die riglyne wat in hierdie minuut verskaf word, is daarop gemik om 'n groter administratiewe werkslading te verminder en/of te vermy deur die daarstelling van 'n gemeenskaplike strategie betreffende die monitering van en verslagdoening oor kurrikulumdekking.

4. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende dokumentasie:

4.1 Die *Building blocks for effective school management*, van die DBO, wat skole gebruik om oor verskeie aanwysers, insluitend kurrikulumdekking, verslag te doen.

4.2 Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut 0004/2021, gedateer 15 Desember 2021, wat die monitering van en verslagdoening oor kurrikulumdekking verpligtend maak.

5. Hierdie minuut verskaf ook riglyne betreffende die monitering van die kurrikulumdekking op verskillende vlakke. Monitering op verskillende vlakke word duidelik in Bylae E uiteengesit en word vervolgens verduidelik.

5.1 Monitering en verslagdoening op klaskamervlak:

5.1.1 Die herstel-JOP'e word tydens verslagdoening gebruik en is beskikbaar by die volgende skakel: https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12/2023ATPs.aspx

5.1.2 **Opvoeders** word aangeraai om die volgende rye by te voeg:
Ry 1: Aanvangsdatum en afsluitingsdatum.
Ry 2: Kommentaar (opvoeders moet uitdagings en kontekstuele kwessies wat moontlik 'n impak op die voltooiing van die kurrikulum in die toegekende tydraamwerk gehad het, insluit, asook hoe dit hanteer sal word.)

5.1.3 Voorbeelde vir elke fase, naamlik Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase is onderskeidelik as Bylae A, B, C en D ingesluit.

5.2 Monitering en verslagdoening deur die **departementele hoof**:

5.2.1 Die departementele hoof moet op 'n gereelde basis die kurrikulumdekking van vakopvoeders in sy/haar departement monitor.

5.2.2 Verslagdoening aan die prinsipaal moet kwartaalliks geskied en dit moet voorbeelde bevat van leerders se boeke, beplanning deur opvoeders, ens.

5.2.3 Verwys na Bylae F vir 'n voorbeeld van die verslagdoeningsraamwerk.

5.3 Monitering en verslagdoening deur die **prinsipaal**:

5.3.1 Die prinsipaal moet gereeld, deur gesprekvoering met die departementele hoofde en/of vakopvoeders, die kurrikulumdekking van alle vakke wat by die skool aangebied word, monitor.

5.3.2 Verslagdoening oor kurrikulumdekking moet kwartaalliks by die kringbestuurder ingedien word.

5.3.3 Daar word van prinsipale verwag om die instrument, *Building blocks for effective school management*, vir verslagdoening oor kurrikulumdekking te gebruik. Die JOP'e wat vakopvoeders gebruik om die aanvangs- en sluitingsdatum aan te teken en kommentaar te lewer, asook die verslagdoeningsdokumente wat by die departementele hoofde ingedien word, sal as bewyse dien.

5.4 Monitering en verslagdoening deur **vakadviseurs** en **kringbestuurders**:

5.4.1 Vakadviseurs moet kurrikulumdekking tydens hul ter plaatse ondersteuningsbesoeke by skole monitor.

5.4.2 Daar word van vakadviseurs verwag om ondersteuning te bied waar uitdagings waargeneem word en 'n verslag daaroor moet saamgestel word.

5.4.3 Kringbestuurders sal prinsipale se monitering van kurrikulumdekking verifieer.

6. Ons vertrou dat die bogenoemde prosesse die effektiewe implementering van die kurrikulum in alle vakke sal bevorder, wat gevolglik tot gehalteonderrig-en-leer sal lei.

7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike personeel te bring.

GETEKEN: BJ LORISTON
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM-EN-ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2024-09-27